NG KERK IN OOS-KAAPLAND

OPSOMMING VAN GEMEENTELIKE EN SINODALE TERUGVOER: KERKHERENIGING KONSULTASIE 2007

A. TERUGVOER UIT GEMEENTES

1. Inleidende Opmerkings

1.1 Die meeste gemeentes het groot moeite gedoen met die gesprekvoering en verslae. Teen Januarie 2008 is meer as 80% van gemeentes se reaksies ontvang.

1.2 Gemeentes se terugvoer is per besluit van die Sinodale Kommissie op die sinode se webblad geplaas by www.ngkok.co.za/eenheid. Hierdie finale verslag word ook op die web gepubliseer.

1.3 Let daarop dat die verslag nie uitvoerig werk met getalle en persentasies ten opsigte van spesifieke menings nie. Die rede hiervoor is dat die ondersoek van die begin af nie op ‘n ewekansige steekproef basis gedoen is nie. Gemeentes het hul terugvoer ook byna deurgaans nie op hierdie manier gegee nie.

1.4 Die terugvoer toon baie sterk weerstand teen die Algemene Sinode se besluit wat lui dat daar nie meer oor die “of” / “dat” van kerkhereniging gepraat word nie, maar slegs oor die “hoe”. Baie respondente maak beswaar dat hulle nooit oor die “of” gekonsulteer is nie, en beleef dat kerkhereniging nou op hulle afgedwing word. Terme soos ‘n “vertrouensbreuk” of “om die bos gelei” word in ‘n paar gevalle ten opsigte van die leierskap gebruik.

1.5 Twee gemeentes het gekies om nie die konsultasieproses te volg nie, maar bloot hul afwysing van kerkhereniging weer te konstateer.

2. Konfessionele Basis

2.1 Oorhoofse kommentaar

2.1.1 Die gevoelens oor die Achterbergh II-voorstelle oor die Belydenis van Belhar loop skerp uiteen.

2.1.2 ‘n Beduidende groep gemeentes - sowat 50% - stem saam dat Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkhereniging moet wees nie. Niemand moet geforseer word om die belydenis te aanvaar nie. Die woord “nie forseer nie” kom soos ‘n refrein in die terugvoer voor. Gemeentes wat andersinds sterk standpunt teen Belhar inneem, onderskryf die Achterbergh II voorstelle op hierdie punt.

2.1.3 Daar is lidmate wat sterk voel - volgens gemeentelike terugvoer - dat die kerke moet voortgaan en herenig. Daar is ook gemeentes gereed vir kerkhereniging. Ander gemeentes beleef tans konsensus of aanvaarding van die belydenisgrondslag. Alhoewel daar vrae is by sommige oor Belhar, is die voorstelle vir hierdie gemeentes aanvaarbaar.

2.1.4 Daar is ook sterk standpunte teen Belhar, wat beskryf word as ‘n politieke dokument. Vir hierdie standpunt is dit onaanvaarbaar dat dit ‘n integrale deel van die belydenisbasis van ‘n herenigde kerk kan wees.

2.1.5 Punt 6, wat die groei na ‘n volle aanvaarding van Belhar voorsien, is vir ‘n aantal gemeentes ‘n struikelblok. Dit moet weggelaat word uit die voorstelle. Daar is ook vrae oor hóé die voorstel dat Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkhereniging is nie (pt 1) gerym moet word met die groei na volle aanvaarding (pt 6). Verskeie gemeentes meen dat die twee punte ‘n anomalie verteenwoordig.

2.1.6 Sommige gemeentes rapporteer ‘n bereidwilligheid tot samewerking, maar nie veel geesdrif vir samesmelting nie. Enkeles vermoed Belhar sal na hereniging afgedwing word, en is op daardie basis teen hereniging.

2.1.7 Alternatiewe is dat Belhar as ‘n eietydse getuienisdokument gesien word, of dat die herenigde kerkverband ‘n eie, eietydse belydenis opstel.

2.1.8 Die “stilte” van VGK-kerkleiers oor onreg en diskriminasie, soos regstellende aksie, wat teen die grein van Belhar ingaan, word bevraagteken. ‘n Aantal gemeentes spreek veral wantroue in die

VGK-leierskap uit. ‘n Gemeente wat Belhar onderskryf vra dat die sterk emosies teenoor dié belydenis omsigtig hanteer word.

2.1.9 Taal, kultuur en tradisie is vir ‘n groep gemeentes ‘n ononderhandelbare werklikheid en word as struikelblok vir kerkhereniging gesien. Dit geld ook die uitvoer van gesamentlike projekte. Enkele gemeentes vra of Afrika-tradisies (bv voorouer-verering) in die VGK nie as ‘n teologiese beswaar teen kerkhereniging beskou moet word nie.

2.1.10 Gemeentes rapporteer dat die konsultasie oor kerkhereniging vir hulle as ‘n verrassing gekom het - hulle het dit nie verwag nie. Dit blyk dat die kommunikasie van die proses regdeur die kerk nie altyd na wense verloop het nie.

2.1.11 Terwyl sommige gemeentes die inhoud van die Belhar-Belydenis baie goed ken en bestudeer het, is daar ander gemeentes waar onkunde oor dié belydenisskrif bestaan.

2.2 Gedetailleerde kommentaar : Konfessionele basis

2.2.1 Deelnemende kerke moet waak teen uitsprake wat dit vir NG Kerk lidmate baie moeilik maak om Belhar te aanvaar en wat die vermoede van ‘n politieke kleur lewend hou.
2.2.2 Indien Belhar die profetiese stem van die kerk is, ontstaan die vraag waarom die leiers van die VGK so stil is om hierdie profetiese stem te laat hoor oor aspekte van ons samelewing, soos die doelgerigte bevoordeling van een ras bo die ander.
2.2.3 Belhar is aanvaarbaar soos voorgestel, maar geen gewetensdwang op enigiemand.
2.2.4 Pt 6 van die KB-voorstelle moet uitgelaat word.
2.2.5 Bygelowe en voorvaderaanbidding moet op geen manier deel wees van die herstelde kerkverband nie.
2.2.6 Die Gereformeerde verstaan van die Skrif is die *bottom-line.*
2.2.7 Die Bybel is die basis van kerkhereniging, sommige van ons voel Belhar het konnotasies wat die Bybel nie het nie. Indien dit Bybels gefundeer is, sal ons dit aanvaar.
2.2.8 “Die kerkraad verwerp Belhar eenparig. Belhar moet dus nie ‘n voorwaarde wees vir hereniging nie, en niemand moet geforseer word om dit te aanvaar nie.”
2.2.9 Belhar dra politieke bagasie.
2.2.10 Ons lidmate voel hulle is om die bos gelei. Daar was beloof dat oor kerkhereniging gestem sal word, en nou word dit hanteer asof dit ‘n voldonge feit is.
2.2.11 Kerkhereniging beteken dat die Hervorming ‘n fout was, want dit is waar die versplintering van die kerk begin het.
2.2.12 Volledige konsensus met die voorstel.
2.2.13 “Ek is te oud vir al die vrae, maar gee nie om om langs ‘n swart of bruin gelowige te sit nie. Ook nie as een van hulle vir my preek nie, en dit kan in Engels wees. Die Here het ons almal gemaak en is vir ons gekruisig.”
2.2.14 “Sommige gemeentelede voel dat Belhar steeds ‘n politieke konnotasie het en verbind dit aan Alan Boesak wat skuldig bevind is aan misdrywe. Ander voel dat ons met nuwe oë na Belhar moet kyk as ‘n dokument wat met Skrifgegewens werk en nie as politieke dokument bedoel is nie.”
2.2.15 Punte 1 tot 4 geniet konsensus, 5 word bevraagteken en 6 verwerp.
2.2.16 ‘n Herenigde geloofsbelydenis moet opgestel word en ons groei na die aanvaarding daarvan.
2.2.17 Voeg Belhar by as ‘n getuienisdokument eerder as ‘n belydenisskrif. Dit is ‘n aanvaarbare versoeningsdokument.
2.2.18 Tradisies is nie onderhandelbaar nie.
2.2.19 Samewerking maar nie samesmelting nie.
2.2.20 Nuwe basis moet gevorm word wat almal insluit, ook Belhar.
2.2.21 Vrees dat Belhar in die toekoms afgedwing sal word.
2.2.22 Die konfessionele basis is irrelevant omdat kerkhereniging onrealisties en onnodig is.
2.2.23 Baie min van ons lidmate is negatief oor Belhar, die meeste aanvaar die voorstelle gelate.
2.2.24 Ons kerkraad is tevrede met die voorstelle rondom Belhar. Ons is dankbaar dat dit nie afgedwing word nie.
2.2.25 Hou die KB onveranderd, laat Belhar weg.
2.2.26 Ons wil nie deel wees van verdeeldheid en ongelykheid wat die Koninkryk van God skade doen nie.
2.2.27 Dankbaar dat die herenigingsproses nie voorskriftelik is nie.
2.2.28 Belhar hou hom besig met bevrydingsteologie en kan nie deel van die KB wees nie.
2.2.29 Ons is versigtig-neutraal oor die KB.
2.2.30 “Onsekerhede bestaan oor dr Alan Boesak wat in die tronk was en nou ‘n dominee is, wat van geboue en finansies indien die Algemene Sinode sou herenig.”
2.2.31 Bybelse eenheid beteken nie strukturele eenheid nie.
2.2.32 Daar is ‘n klankie van hovaardigheid in die gebruik van woorde soos “lidmate wat nie gereed is nie”.
2.2.33 Vervang pt 5 en 6 met iets soos “In ‘n nuwe kerkverband word die bestaande belydenisgrondslag, nl. die drie formuliere van eenheid, behou met ruimte vir Belhar as vierde belydenisskrif in die konfessionele basis vir daardie kerke/gemeentes/lidmate vir wie dit kosbaar/aanvaarbaar is.”
2.2.34 Kerkhereniging moet groei van onder af en nie van bo georganiseer word nie.
2.2.35 Die AS het buite sy reg opgetree toe konsensuspunte 5 en 6 met die VGKSA aangegaan is, wel wetende dat gemeentes via die streeksinodes Belhar reeds afgewys het.

2.2.36 Punt 1 druk presies uit hoe ons oor die belydenisgrondslag voel.
2.2.37 Die voorgestelde belydenisbasis word aanvaar. ‘n Gemeente meld dat 50% van hul lidmate ten gunste van Belhar is, 33% het niks in die blokkie ingevul nie, en 18% is daarteen gekant. In ‘n ander gemeente is 2 uit 135 lidmate positief oor Belhar, die res negatief. ‘n Ander meld dat 95% van lidmate die voorgestelde KB net so aanvaar.
2.2.38 Hoe kan ‘n kerk ‘n belydenisskrif hê, maar nie almal onderskryf dit nie?
2.2.39 Belhar sê, met uitsondering van artikel 4, niks meer as ons huidige belydenisskrifte nie - waarom dan ‘n wysiging in die basis?
2.2.40 Die kerkraad spreek hom uit teen die polemiek tussen die VGK en NGKA en spreek sy teleurstelling uit in prof Kgatla wat sy broers as “tweegat jakkalse” beskryf het. Die kerkraad bevraagteken sy erns tov kerkhereniging.
2.2.41 Belhar sal eerder verdeel as verenig: Loop ons met mekaar ‘n pad waarin die “verontregtes” ons steeds wil herinner aan ons dwaling en ons as die “beskuldigdes” saamloop gedryf deur skuldgevoelens?
2.2.42 God is daar vir almal, Hy kies nie kant nie.
2.2.43 Kerkhereniging beteken nie politieke korrektheid nie. Dit lyk of die VGK voorskriftelik optree en of die NGK agterna loop.
2.2.44 Hoe ver is ons susterskerke met hierdie proses?
2.2.45 Ons respekteer die waarde van Belhar vir die VGK.
2.2.46 Die kerk se hele konfessionele basis behoort geherformuleer te word vir die tyd en konteks waarin ons leef.
2.2.47 Die ander kerke in die Familie is meer hiërargies as ons en dwing makliker besluite af - wat is die implikasie vir die toekoms van die kompromie rondom KB, sal dit so volgehou kan word?
2.2.48 Ons het vrede met die Belharbelydenis, solank dit nie as instrument in die proses gebruik word nie.
2.2.49 “Ons hoef nie vrese te hê nie, want die plaaslike VGK (op ons dorp) het ook nie die Belharbelydenis aanvaar nie.”
2.2.50 Ons is positief oor kerkhereniging, maar nie oor Belhar / voorstelle oor die KB nie.
2.2.51 Waar belydenisskrifte bedoel is om eenheid te skep, lê Belhar juis ons verdeeldhede bloot.
2.2.52 Ons het nie nog belydenisskrifte nodig nie - die mense weet nie eers wat staan in die bestaande geskrifte nie.
2.2.53 “Die kerkraad daag die leierskap van die VGK uit om die volle konsekwensies van artikel 5 (Belhar) uit te voer deur met die ANC-regering in gesprek te gaan en hulle uit te spreek teen onderdrukkende apartheidswetgewing soos die wet op gelyke indiensneming, en oor *Black Empowerment* wat blanke persone uit sleutelposte wil hou.”

3. Model

3.1 Oorhoofse Kommentaar

3.1.1 Vergeleke met die heersende houding teenoor die Belydenis van Belhar, is heelwat minder gemeentes teen die voorgestelde model gekant. Die grootste groep gemeentes aanvaar die model. Sommige voel daar moet liewer ‘n aantal alternatiewe modelle by gemeentes getoets word. Daar is ook ‘n mening dat kerkhereniging meer ingrypend behoort te wees as wat die model voorstel, anders is die verandering eintlik net kosmeties van aard.

3.1.2 In die gesprek oor die model kom kulturele belange sterk na vore. Dit moet gehandhaaf word. Die volgende kommentaar van ‘n gemeente vat die gevoel goed saam: “‘n Herenigde verband moet ‘n ruim huis wees waarin daar plek is vir verdraagsaamheid. Die beste manier is om plaaslike kerkrade inderdaad toe te laat om die bediening in te rig by hul omstandighede en behoeftes. Kerkeenheid sal dus verskillend lyk op verskillende plekke, en dit is reg so. Die kerkorde moet oop wees en minimale voorskrifte bevat.”

3.1.3 Die feit dat hereniging die verband struktureel direk raak, maar nie gemeentes nie, is vir ‘n groep gemeentes nié genoeg waarborg vir kulturele selfbehoud nie. ‘n Gemeente meen dat assossiasie-lidmaatskap daarom verder deurgedink moet word en dalk ‘n integrale deel van die nuwe struktuur moet uitmaak.

3.1.4 Baie gemeentes beleef kerkhereniging as gemeente-hereniging.

3.1.5 Daar is gemeentes wat voel dat geen gesamentlike struktuur, soos ‘n Algemene Sinode, geskep moet word nie. Gegewe die heersende politieke klimaat is selfs so ‘n struktuur polities te sensitief. Uit die terugvoer blyk ‘n verband tussen enersyds die tipering van Belhar as politieke dokument en andersyds sensitiwiteit vir die ongunstige politieke klimaat onder lidmate van die NG Kerk. Weens die politieke klimaat kan kerkhereniging kerkskeuring in die hand werk, word gesê.

3.1.6 Gemeentes rapporteer weerstand teen verandering by veral ouer lidmate wat gebore is uit ‘n moegheid vir die geweldige verandering waarmee mense oor die afgelope 15 jaar gekonfronteer is.

3.1.7 Vrees speel ‘n belangrike rol in die beoordeling van die model. Sal die Algemene Sinode gemeentes se grense verander om hul samestelling te manipuleer? Sal gemeentes verplig word om predikante van kleur te beroep? Sal ons oorheers word? Vir hierdie gemeentes se verstaan beteken hereniging vanselfsprekend dat blanke lidmate van die NG Kerk die minderheid in ‘n herenigde verband sal uitmaak. Die demografie van die land word veronderstel as daar oor die getalleverhouding in die NG Familie gedink word. Sal “regstellende aksie” afgedwing kan word en wat is die implikasie hiervan vir finansies en eiendomme?

3.1.8 Teen hierdie agtergrond is daar ook bekommernis oor finansies en geboue wat afgeneem kan word.

3.1.9 Meer as een gemeente wat gekant is teen die model rapporteer goeie verhoudings met plaaslike familiekerke en wil eenheid as ‘n Familie van Kerke uitleef. ‘n Federale model of ‘n assosiatiewe model geniet daarom beduidende steun in die terugvoer.

3.1.10 ‘n Plalttelandse gemeente wys daarop dat hulle reeds kerkeenheid op hulle dorp bereik het in die sin van samewerking op barmhartigheidsterrein en gesamentlike byeenkomste op die Christelike feesdae. Samewerking tussen kerke is noodsaaklik om die wêreld te oortuig van die liefde van Christus. In hierdie sin word kerkeenheid gesteun, en nie as iets wat deur ‘n meerdere vergadering voorgeskryf word nie.

3.1.11 Kan gemeentes deel wees van kerkhereniging sonder om die model te aanvaar? Of gaan hulle gestoomroller word om in te skakel? Heelwat gemeentes vra wat gaan word van gemeentes wat nie met die hereniging wil saamgaan nie?

3.1.12 ‘n Paar gemeentes voel dat ‘n proeftydperk vir die Algemene Sinode en/of sinodes toegelaat moet word om te sien of kerkhereniging werk voordat dit gefinaliseer word.

3.1.13 Die vraag word ook gevra of die Skrif, wat nie kerkverband ken nie, werklik strukturele eenheid voorskryf? En - indien wel - waarom is hierdie voorskrif dan meer dwingend vir die kerkverband as vir gemeentes?

3.2 Gedetailleerde kommentaar: Model

3.2.1 Behou die status quo weens kulturele oorwegings.
3.2.2 ‘n Minderheidstandpunt in ons gemeente is dat kerkhereniging noodsaaklik is.
3.2.3 Die herstelde kerkverband moet ‘n ruim huis wees waar daar plek is vir diversiteit en verdraagsaamheid. Plaaslike kerkrade gee self inhoud aan die eenheid, sodat strukture van plek tot plek sal wissel. Taal en kultuur is nooit ‘n voorwaarde vir lidmaatskap nie, maar die evangelie word in ‘n bepaalde kultuur gebring.
3.2.4 ‘n Oop kerkorde, met die minimum bepalings, is noodsaaklik in ‘n herenigde verband, om diversiteit te kan bestuur.
3.2.5 Die kerkraad aanvaar die model (‘n groot aantal kerkrade / gemeentes rapporteer só).
3.2.6 Die plaaslike kerk is volledig kerk, maar tog ook in verband. Daarom is dit bewering dat die plaaslike kerk nie geraak gaan word nie, onwaar. Afrikaners moes soveel prys gee dat hulle nou net vasskop en weier dat Afrikaans ook uit hul kerk verdwyn. Die verskille tussen moeder- en dogterkerke gaan in geskille ontaard as almal weer moet terugkom na een huis toe.
3.2.7 Assosiasie-lidmaatskap moet verder ondersoek word (‘n aantal gemeentes vra hiervoor).
3.2.8 Wat gaan die verteenwoordiging van die vier kerke in meerdere vergaderings wees? Sal daar regtig ruimte wees vir vrywilligheid? Ons wil nie ons kultuurgroep se wyse van aanbidding aangrypend verander sien nie.
3.2.9 Die politiek-sosiale omgewing is ongunstig sodat die stig van een algemene sinode tot kerkskeuring kan lei.
3.2.10 Die nuwe kerkorde moet ringe en sinodes verhinder om in te meng by die plaaslike gemeente se kultuur.
3.2.11 Sal gemeentes gedwing word om anderskleurige predikante te beroep? Anderstalige liedere te sing?
3.2.12 Oorheersing word gevrees.
3.2.13 Daar moet meer as een model - ‘n aantal alternatiewe - voorgelê word.
3.2.14 Beskerming van kerkrade positief beoordeel.
3.2.15 Ons moes reeds baie prysgee - die kerk is die laaste vesting.
3.2.16 Ons vrees dat ons ver in die minderheid sal wees in een algemene sinode, daarom is dit hoegenaamd nie aanvaarbaar nie.
3.2.17 Ons is ten gunste van ‘n organiese kerkherenigingsproses.
3.2.18 Ons wil Afrikaans bly gebruik.
3.2.19 Ons wil nie net in naam herenig nie.
3.2.20 Ons wil die status quo behou, want dit bestaan weens kultuurverskille.
3.2.21 Naas ‘n federale model is assosiatiewe lidmaatskap die enigste wat ondersteun word in ons gemeente.
3.2.22 Daar is verskeie strukturele moontlikhede wat uitdrukking kan gee aan die Bybelse eis tot eenheid.
3.2.23 Die voorgestelde model werk hiërargies van bo, ons wil eenheid hê wat groei vanuit gemeentes se betrokkenheid by mekaar. Moenie die kar voor die perde span. Niks ander as ‘n federale model nie.
3.2.24 Ons het reeds kerkeenheid op ons dorp bereik deur hoë kwaliteit van samewerking tussen gemeentes.
3.2.25 Die model is aanvaarbaar, gemeentelike outonomiteit is ‘n absolute voorvereiste (verskeie).

3.2.26 Die meerderheid is positief oor die model, naasteliefde is inklusief, bekommerd dat die dwarstrekkerigheid van die Afrikaner die proses skipbreuk kan laat lei.
3.2.27 Die AS moenie toegelaat word om gemeentes se regte via die nuwe kerkorde in te perk nie. Die model is wollerig.
3.2.28 Hoe nader ons aan die kruis van Jesus kom, hoe nader kom ons aan mekaar en word ons broers en susters wat mekaar aanvul eerder as dreig, oordeel of bedreig.
3.2.29 Die topstruktuur (Algemene Sinode) is heeltemal uit voeling met lidmate.
3.2.30 Elke kerk moet eie sinodes en ringe behou.
3.2.31 Sal daar 'n magstryd / kwotastryd in die AS ontstaan?
3.2.32 Die huidige twis tussen die VGK en NGKA beteken dat ons nie kerkhereniging nou moet probeer bereik nie.
3.2.33 Een algemene en streeksinode is nog aanvaarbaar, maar op ringsvlak word dit vir ons bedreigend.
3.2.34 Die model word afgeforseer, daar is dwang, onaanvaarbaar.
3.2.35 Beperk die model eers tot sinodale vlakke, sodat ons kan sien hoe dit gaan. Ringsvlak is tans nog onaanvaarbaar.

4. Gesamentlike Projekte

4.1 Oorhoofse Kommentaar

4.1.1 Verreweg die grootste groep gemeentes is sterk ten gunste van gesamentlike projekte. Gesamentlike missionêre projekte en onderlinge hulpverlening tussen swakker en sterker gemeentes word voorsien.

4.1.2 Terwyl die NG Kerk op die platteland oor sterk administratiewe strukture beskik, sê 'n gemeente, het die VGK weer sterk ontwikkelde ouderlingsbedieninge en geestelike leierskapstradisies (weens die afwesigheid van 'n leraar). Die kerke / gemeentes kan dus baie by mekaar leer en mekaar aanvul. Hierdie samewerking vind in verskeie gestaltes volgens die terugvoer plaas.

4.1.3 Talle gemeentes is tans reeds in meerdere of mindere mate met gesamentlike projekte besig.

4.1.4 Enkele gemeentes voorsien taal- en kulturele probleme rondom gesamentlike projekte. Daar word ook gevra hoe dit befonds gaan word?

4.1.5 Een gemeente meld dat niemand belangstel in gesamentlike projekte nie, en 'n ander een vra dat die voorstel in sy geheel weggelaat word.

4.2 Gedetailleerde kommentaar: Gesamentlike projekte

4.2.1 Plaaslike gemeentes moet self samewerking bepaal, na mekaar luister, begrip hê vir wedersydse vrese, vermy veroordeling.
4.2.2 'n Voorwaarde vir samewerking is vergifnis, wat beteken dat foute van die verlede nie gedurig gebruik word om die Afrikaner in 'n skuldkompleks te dompel nie.
4.2.3 Beide NG en VGK-gemeentes bring verskillende gawes na die tafel, daarom sal gesamentlike projekte wedersyds verryk.
4.2.4 Ons aanvaar die noodsaak van gesamentlike projekte (die oorgrote meerderheid gemeentes / kerkrade).
4.2.5 Gesamentlike liturgiese materiaal en gebedsbyeenkomste prioriteite, basaars en Pinkster saam.
4.2.6 Waar sal die fondse vandaan kom (verskeie gemeentes).
4.2.7 Ons is reeds betrokke by gesamentlike projekte (verskeie gemeentes).
4.2.8 Saam doen sal ons help om mekaar beter te leer ken.
4.2.9 Verskillende tale en kulture sal nie kan saamwerk nie.
4.2.10 Die meeste lidmate by ons stel nie belang nie.
4.2.11 Projekte moet eenvoudig, volhoubaar wees en van onder kom - nie van bo afgedwing nie.
4.2.12 Tolke sal afbreuk doen aan byeenkomste.
4.2.13 Wil die ander kerke nie net gebruik maak van die NG Kerk se hulpbronne nie?
4.2.14 Hierdie sal die begin wees van kerkhereniging "van onder af".
4.2.15 Die hele voorstel oor gesamentlike projekte moet weggelaat word.
4.2.16 Hier is 'n duidelike neiging na horisontalisme en weinig sprake van die transendente. Alle projekte moet die bevordering van God se koninkryk as vertrekpunt hê.
4.2.17 Gaan ons weer iets begin en dan moet die blankes alles finansier en klaarmaak terwyl ander hulle onttrek en arms gevou staan en toekyk?
4.2.18 Dit is nie nodig nie - die probleem met kerkhereniging is politieke druk om te verander en die res van jou lewe te sê jy is jammer.

5. Versoening

5.1 Oorhoofse Kommentaar

5.1.1 Gemeentes is baie positief oor versoening en ervaar die behoefte om die verlede af te handel. Een opmerking: “Versoening kom waar ons in die hede met mekaar ‘n pad stap wat wys dat ons opreg is”. ‘n Ander: “Vergifnis is ‘n onontbeerlike voorvereiste vir versoening en samewerking”.

5.1.2 Geskille moet so gou as moontlik besleg word - met verwysing na die VGK - NGKA-situasie. Versoening is hier broodnodig. Dit belemmer kerkhereniging.

5.1.3 Die rol van gebed, afhanklikheid van die Here en omsigtige optrede van alle kante word beklemtoon.

5.1.4 ‘n Gemeente vra: Wat is die verband tussen versoening en reeds bestaande leerstellige en teologiese kwessies?

5.1.5 Kerkskeuring vanweë die herenigingsproses moet ten alle koste vermy word.

5.1.6 ‘n Gemeente meld dat kontak met die plaaslike VGK verrassend was gegewe die waardering vir die gemeente by die VGK. Daar was ‘n totale afwesigheid van bitterheid en ongelukkigheid. ‘n Gesamentlike erediens het sedertdien plaasgevind.

5.1.7 Daar is ook ‘n behoefte dat die ander Afrikaanse gereformeerde kerke by eenheidsprosesse betrek word.

5.2 Gedetailleerde kommentaar: Versoeningsprosesse

5.2.1 Moenie in versoeningsprosesse die hele tyd met die verlede besig wees nie, versoening kom waar ons in die hede met mekaar ‘n pad stap wat wys dat ons opreg is. Versoening is om almal se vrese te respekteer en te beskerm.
5.2.2 Ons ondersteun hierdie prosesse (oorgrote meerderheid).
5.2.3 Sou die onversoendheid nie voorkom gewees het as die NGKA nie gedwing was om met die NGSK saam te smelt nie?
5.2.4 Wat van teologiese en leerstellige verskille - hoe word dit versoen?
5.2.5 Versoening moet van alle kante kom - moenie gebruik word om ons te beskaam nie.
5.2.6 Ons kerkraad het reeds vanjaar versoenende gesprekke met beide die VGK en NGKA gevoer.
5.2.7 Ons wil graag ook versoen met die Hervormde en Gereformeerde Kerke.
5.2.8 Versoening ook met vervreemde en kerklos lidmate uit ons eie gemeente is vir ons ook belangrik.
5.2.9 Die stryd tussen VGK en NGKA toon aan dat daardie kerkherenigingsproses nie korrek was nie, en nie van grondvlak gegroei het nie.
5.2.10 Ons is nie lus vir skuldmanipulasie nie.
5.2.11 Die beginsels van Belhar behoort die VGK te rig in die versoeningsproses.
5.2.12 Die hoë vlakke van konflik tussen VGK en NGKA benadeel die proses ernstig.
5.2.13 Versoening is ‘n privaat saak vir elke lidmaat - Adriaan Vlok is ‘n voorbeeld van versoening wat ge-backfire het.
5.2.14 Hereniging wat rypgedruk word, sal skeuring en onversoendheid bevorder.

6. ‘n Nuwe Naam

6.1 Die volgende moontlikhede word genoem (alfabetiese volgorde):

Afrika Getransformeerde Kerk
Algemene Christelike Kerk
Algemene NG Kerk van Afrika
Christus se Kerk
Die Nuwe Gereformeerde Kerk in Christus
Die Nuwe NG Kerk
Enlightened Christian Church
Herenigde Kerk van SA
Herenigde Nederduitse Gereformeerde Kerk
Kerk van Christus
Kerk van Christus
Liggaam van Christus
Nederduitse Gereformeerde Kerk (of ‘n naam waarin hierdie woorde voorkom)
NG Kerk in Afrika

NG Kerk van Afrika
NG Kerk vir Afrika
NG Kerkfamilie
NG Verenigde Kerk
NGK (die naam wat gegeld het voor al die afskeidinge sedert 1881)
Nuwe Geref Kerk in SA
SA Sinode van NG Kerkverband
SA Verenigde Kerk
Simunye
Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk
Suider-Afrikaanse Gereformeerde Kerk (heelwat steun)
Suiderkruiskerk van Jesus Christus
Verenig in Christus
Verenigde Christelike Kerk in SA
Verenigde Kerk van God
Verenigde Kerk van Vrede en Versoening
Verenigde NG Kerk van Suid-Afrika
Verenigende Reformerende Kerk van Christus in SA
Verenigde Christelike Kerk
VGK

6.2 Indiwiduele gemeentes moet toegelaat word om hul naam te behou.

B. TERUGVOER UIT DIE SINODALE VERGADERING 2007

7. Die Uitkoms van Kleingroepbesprekings

7.1 Die sinode het oor kerkhereniging in kleingroepe gesels. Die terugvoer en persepsies kan oorsigtelik as volg saamgevat word:

7.1.1 Ons is bewus van die emosionele energie wat die hele proses tot dusver ge-eis het, en daar is steeds meer begrip vir en konstruktiewe bestuur van die konflik en pyn wat daarmee gepaard gaan, nodig. Spesiale geduld en deernis met mekaar in hierdie groeiproses is uiters noodsaaklik.

7.1.2 Kerkeenheid is ‘n Geesgedrewe proses wat nodig is vir ons voortbestaan en getuienistaak. Dit moet voortgaan ongeag verskille oor die belydenisgrondslag daarvan.

7.1.3 Die fokus behoort deurgaans te val op ‘n proses van geloofsonderskeiding waarin God-vrae prioriteit moet geniet, en nie ons eie belange nie.

7.1.4 Op grondvlak behoort projekte uitgebou word, en op hierdie wyse kan die kloof tussen kerkleiers en lidmate oorgesteek word.

7.1.5 Gesamentlike projekte tussen verskillende kerkgroepe op grondvlak (DVD) - wat reeds versoening en omgee beliggaam - is die grootste energiepunt wat ons moet koester en uitbou.

7.1.6 Ons is steeds bymekaar te midde van die geskiedenis van konflik, en beleef dit as ‘n positiewe realiteit, aangesien konflik nie noodwendig dui op ‘n gebrek aan liefde en dinamiese energie nie.

7.1.7 Gemeentes se fokus oor die volgende 4 jaar behoort te wees om doelgerig aan die bogenoemde twee sake - gesamentlike projekte en konstruktiewe konflikhantering – aandag te gee.

7.1.8 Die politieke emosie betreffende die Belhar-belydenis is ‘n wesenlike aspek waarmee baie gemeentes/lidmate worstel.

7.1.9 “Soos ons bid, so glo en doen ons” - dit is veronderstel om so te wees, maar daar word ervaar dat daar ‘n groot gaping is tussen ons gebede/ideale en die realiteit van die uitleef daarvan.

7.1.10 Daar heers onsekerheid oor die moontlike proses se verloop i.t.v. die herenigde kerk se kerkorde: gaan dit saamgestel word na of voor die hereniging self?

7.1.11 Grootskaalse wantroue oor die proses asook oor die hoofleierskap se begeleiding daarvan.

7.1.12 Baie lidmate ervaar dat die huidige struktuur van die kerk die proses van versoening op grondvlak belemmer.

8. Energiepunte

8.1 Die oortuiging bestaan dat, om ‘n hegte en durende eenheid tussen die NG Kerk, die VGK, NGK en RCA – en selfs ander gemeentes wat hulle in die eenheid tuis mag voel – te verseker, die klem geplaas moet word op die groeipunte wat op plaaslike vlak reeds aan die groei of ontkiem is. Gemeentes behoort op ‘n ontdekkingstog van samewerking begelei te word.

9. Suggesties rondom parallelle strukture

9.1 ‘n Belangrike vraag is hoe ‘n veilige ruimte vir gemeentes geskep kan word om te groei in die ontdekkingstog van samewerking en groei na kerkhereniging. Hoe kan wantroue oorkom word en mense mekaar in Christus as broers en susters vind? Hoe kan wrokke uit die verlede hanteer en oorkom word?

9.2 Een moontlike benadering is die samestelling van ‘n parallelle verband waarby ringe en gemeentes kan inskakel. Die bedoeling van so ‘n proses is om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van vertroue wat die basis vir enige nuwe struktuur sal wees, en dus vir Bybelse gehoorsaamheid. Bestaande strukture bly dan in stand vir solank die deelnemende lede dit in stand wil hou.

10. ‘n Herenigde Oos-Kaapse Sinode

10.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland het ‘n stel teologiese waardes en ‘n bepaalde teologiese visie en model vir haar funksionering gekies. Hierdie benadering ontwikkel op ‘n besondere manier en bring op baie vlakke hoop en nuwe groei in die verband en in gemeentes te weeg.

11. ‘n Gesamentlike Konsep-Kerkorde

11.1 Dit blyk uit die terugvoer dat die ontbrekende gedetailleerde prentjie van die wyse waarop ‘n herenigde kerk kan funksioneer vir baie lidmate ‘n struikelblok is. Daarom kan dit vir ons sinvol wees om ‘n konsep-kerkorde vir die nuwe Herenigde Algemene Sinode op te stel en in gemeentes te bespreek.

C. BESLUITE VAN DIE SINODALE VERGADERING 2007

12. Besluite voortvloeiend uit die gesprek oor kerkhereniging

(Aanbeveling van Ad hoc Kommissie E4, soos gewysig deur die vergadering).

12.1 Die sinode besluit om die insette van die gemeentes (E4 soos aangevul) asook die insette van die tafelgesprekke (soos saamgestel deur die Luisterspan, pt 2 hierbo) as kommentaar aan die kantoor van die Algemene Sinode deur te gee.

12.2 Die Sinode besluit:

12.2.1 om ‘n hegte en durende eenheid tussen die lede van die Familie van NG Kerke (en selfs ander kerke wat hulself binne so ‘n eenheid tuis kan voel) te verseker deur die klem te plaas op die samewerkingsaksies wat reeds op plaaslike gemeentevlak aan die ontkiem of groei is, en gee daarom opdrag aan sy Sinodale Kommissie om gemeentes op ‘n ontdekkingstog van samewerking met die ander kerke te begelei;

12.2.2 om in die reses aandag te gee aan die onvrede, misverstande, onsekerhede en wantroue wat daar by sommige lidmate en gemeentes bestaan, en gee so opdrag aan sy Sinodale Kommissie;

12.2.3 om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die bybelse eis vir kerkeenheid, asook oor alle ander motiveringe vir strukturele kerkhereniging, en dit op ‘n deurlopende basis na die gemeentes te kommunikeer.

12.3 Die Sinode besluit om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die gesag en moontlike ontwikkeling van parallelle verbandstrukture wat dit onder andere moontlik maak om bestaande strukture in stand te hou vir solank die behoefte daarvoor bestaan.

12.4 Die Sinode versoek die Sinodale Kommissie om mee te werk aan die vestiging van ‘n Oos-Kaapse herenigde sinode volgens die waardes en uitgangspunte van die bestaande Oos-Kaapse model (Die Sinode kompeteer nie bedieningsmatig of finansieel met die gemeentes

nie, en die grense van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode kan bv die oostelike dele van die Suid-Kaap insluit.) Uiteraard sal die twee-derde meerderheidsbeginsel ook hier van toepassing wees. (Verwys Sakelys pt 36.3 en pt 4 36.4 p 23).

12.5 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om saam met die ander kerke van die NG Kerk Familie so spoedig moontlik 'n gesamentlike kerkorde op te stel vir die voorgestelde Herenigde Algemene Sinode. Hierdie kerkorde moet aan gemeentes voorgelê word vir verdere kommentaar. Die doel hiermee is om die gesprek te bespoedig.

13. 'n Herenigde Oos-Kaapse Sinode

13.1 BESLUIT: Die Sinode versoek die Sinodale Kommissie om mee te werk aan die vestiging van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode waarin die waardes en uitgangspunte van die bestaande Oos-Kaapse model bevorder kan word. (A2 pt 36)

14. Herroeping van 1857-besluit

14.1 Die Sinode is bemoedig deur en neem met dankbaarheid kennis van die weg wat die Here spesifiek met die NG Kerk in die Oos-Kaap t.o.v. versoening in rasseverhoudinge geloop het – soos o.a. gehoor in die verhale wat tydens die openingsliturgie van die sinodesitting deur Ringsafgevaardigdes vertel is.

14.2 Die Sinode onderwerp hom aan die Here se oproep in sy Woord tot versoening en eenheid van sy kerk en neem graag hande met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap in die herroeping van die besluit van die Kaapse Kerk op 6 November 1857 wat direk aanleiding tot kerkskeuring / afsonderlikheid in die kerk o.g.v. ras gegee het. Die volledige besluit lui as volg: "De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal."

In die lig van die verloop van die geskiedenis betreur die Sinode die tweede deel van die besluit waarvolgens die eise van die praktyk as norm bo die eise van die Skrif geneem is en dit oor 'n tydperk van 150 jaar tot groot pyn by lidmate van die NG Kerk familie gelei het.

14.3 Die Sinode roep in herinnering dat die gemeente, uit wie se geledere hierdie genoemde besluit van 1857 geneem is, uit Oos-Kaapse bodem (Stockenström-gemeente en die Ring van Albanie) kom en daarom die behoefte het om hierdie besluit ook juis vanuit die Sinode van die Oos-Kaap te herroep as 'n gebaar om sy erns met God se roeping tot versoening en hereniging te bewys.

14.4 Die Sinode moedig, saam met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap, gemeentes en ringe aan om die versoening en hoop sigbaar te maak deur sover as moontlik met die ringe en gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig.

14.5 Die Sinode vertrou dat die Here ons op hierdie weg sal lei om heling vir die wonde te bring en 'n lig vir die nasies te laat skyn.

15. Ander besluite

15.1 Die sinode het kennis geneem van verskeie prosesse van konsultasie met leraars, kerkrade en gemeentes sedert 2003, asook die werksaamhede van die Kaaplandse Konvent vir Eenheid en Oos-Kaapse inisiatiewe, soos 'n kerkherenigingskonferensie met die Familiekerke te Cradock in Maart 2007.

Danie Mouton
Skriba Sinodale Kommissie
31 Januarie 2008